

Die ABSA-KKNK (Klein Karoo Nasionale Kunstefees) van 1-8 April 2006 het in sy elfde bestaansjaar vir my met die gevoel gelaat dat dit van 'n vermaaklikheidsfees na 'n volwaardige kunstefees ontwikkel het. Ek glo die vergelyking met 'n 'boerebasaar' is nie meer geldig nie, veral gemeet aan die aantal gehalte opvoerings wat vanjaar aangebied is.

As ek terugdink aan agt jaar gelede met my eerste besoek, onthou ek dat die meeste van die opvoerings eenmanproduksies was wat 60 minute geduur het en feitlik geen dekor gehad het nie. Vandag is dit vertaalde werke, nuwe en ou plaaslike dramas met groot rolverdelings en stelle. 'n Mens kan amper sê die KKNK het die volk opgevoed en weer toneelfiks gemaak na die leemte wat die afskaffing van die kunsterade gelaat het. Nogtans bly die ABSA-KKNK steeds 'n fees!

Gelukkig het met die jare ook beter lokale en besprekings gevolg. In Oudtshoorn het Maart en April nog steeds hoogsomertemperature. Dit het vir my gevoel asof my brein kan kook as ek soggens na elf dit sou waag om in die son te stap. Gelukkig was die meeste van my vertonings in lokale waarmatoe ek kon ry. Die sale het ook nou amper almal lugversorging en die sitplekke is op verskillende vlakke. As hulle nou net 'n plan met die harde stoele kon maak, sou mens kan dink jy sit in die Baxter of Kunstekaap Teater.

My indruk van vanjaar se fees is dat daar minder mense op straat was, maar dat die vertonings (veral dié wat ek self bygewoon het) almal omtrent uitverkoop was. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat die ABSA-KKNK nie vanjaar oor Paasnaweek geval het nie en die toevallige besoekers wat net vir die jol kom, nie in groot getalle daar was nie.

Die toneelstuk wat my die meeste beïndruk het, was **Boks** geskryf deur Richard Zajdlíc en Robert Crowe en vertaal en verwerk deur Quentin Krog en Geon Nel, onder regie van Marthinus Basson. Die stuk is opgevoer in 'n ou sweiswerkskuur en die sitplekke was houtstellasies wat afkyk op die bokskryt. Met 'n naam soos **Lekker naby** het dit die mense erg verwar as hulle vra waar die show is en jy antwoord 'Lekker naby!'. Indien dit 'n draai hier plaaslik maak, gaan kyk

▷ **Altyd Jonker**

Ingrid Jonker, wat ondanks 'n klein oevre en kort lewe, steeds tot 'n wye gehoor wat generasies omsluit, spreek

▽ **Die Tafel**

Die liefde - vanaf die eerste tot by die twintigste huweliksherdenking - word gevier in ses verskillende komediesketse



gerus, maar wees gewaarsku, die taalgebruik is nie vir sissies nie. Die twee spelers, Neels van Jaarsveld (van Klipdrif 'met eish' faam) en Quinton Krog, het die Kanna Prys vir die beste optrede in toneel gewen.

Altyd Jonker is 'n musiekteaterproduksie wat 'n gedramatiseerde perspektief op Ingrid Jonker se lewe gee met Zamar wat verantwoordelik was vir die musiek. Dit was

interessant om Neels van Jaarsveld as Uys Krige en Nicole Holm as Majorie Wallace te sien, aangesien hulle verlede jaar die onderskeie rolle in ander produksies vertolk het. **Altyd Jonker** het die Kanna in beste musiekteaterproduksie ontvang.

Dit was darem nie net die Kanna wenners wat mens vermaak en ontroer het nie. Ongelukkig is daar altyd shows wat mens moet mis as gevolg van tydsbepelings, programskedulering en belangrikste, finansieële oorwegings. Gelukkig het ek vanjaar geen windeier gehad nie - dis nou daai shows waarin jy so 'n renons kry dat jy uitstap of sit tot die einde en met 'n pyn op jou maag die saal verlaat. Soos altyd probeer ek 'n mengsel van drama, musiek en komedie dek in my programkeuse - boonop moet jy nog jou metgesel ook in aanmerking neem en dit verg soms baie akkurate beplanning!

Die shows wat ek baie geniet het, bloot as vermaak, sluit in **Imbumba/Samesyn** met Gys de Villiers, Anna-Mart van der Merwe, Jollette Odendaal en ander wat 'n vermenging van gedigte van NP van Wyk Louw, Breyten Breytenbach en Elisabeth Eybers met musiek van, onder andere, Anton Goosen, Chris Chameleon en Dawid Kramer; om 'n verhaal wat oor die grenslose landskap van Suid-Afrika strek, te vertel. Die teks is in Afrikaans, Engels en Xhosa en die Umprofeta, vertolk deur Lerato Molo, het deur haar kommentaar as skakel vir die storielyn gedien. Sy het dan ook welverdiend 'n Slurpie Prys vir die beste opkomende kunstenaar gewen.

Wat sal die KKNK sonder Amanda Strydom wees. Sy het weer eens met haar show, **Robyne**, 'n mens se hartsnare geraak en dit is ongelooflik hoe sy net met elke vertoning beter raak. Die komedie, **Die tafel**, met Pedro Kruger, Marion Holm en Schalk van der Merwe, onder regie van Hennie van Greunen, word sterk aanbeveel as jy net wil lag van begin tot einde. 'n Regte 'feel good' show. Ek is seker ons sal hier plaaslik weer geleentheid kry om dit te sien - hou die programme van Die Boer, Kunstekafoe of Durbanville Hoërskool dop. (Ek hoop hulle lees dié.)

Ander shows wat in die kategorie Toneel: Komedie aangebied is, is **Groet die grotman (Defending the caveman)**, die **Francois Toerien Show, Meneer de Beer** en **Monsters**. **Monsters** het ten minste bewys dat akteurs soos Chris Voster, Pierre van Pletzen, Elma Postma en Sandra Vaughn (almal van **7de Laan**) ook uitstekende verhoogakteurs

is. Net 'n woord van waarskuwing - dit geld nie vir alle sepieakteurs nie. **Monsters** was egter 'n soort van swart komedie met 'n interessante kinkel aan die einde.


Daar is nog soveel puik opvoerings, klassieke musiek en dansuitvoerings

◁ *Mike van Graan se **Some mothers' sons** het pas ook 'n seisoen in die Baxter voltooi voor hul oorsese toer*



◁ **Shooting women** - Die eerste openbare uitstalling deur f4, vier vroulike fotografe wat almal by koerante werk

▽ **Hotnotsgot** - 'n Eenmansvertoning met Soli Philander



△ **Boks** - Vriendskap en verraad in die kleedkamer voor die belangrike geveg

▷ **Alexis in Afrika** - Die eerste beduidende versameling van Alexis Preller se kunswerke onder een dak sedert 1972



△ Een van die ongeveer 30 skilderye van vanjaar se feeskunstenaar, André Naudé. Die tema vir die fees was **Parade**

◁ **Vergete borde van die verbeelding** Evette Weyers se beelde, muurpaneel en skilderye is gebaseer op 'n ontdekking wat sy as kind gehad het - 'n solo-uitstalling

wat van hoogstaande gehalte was dat mens nie alles kan noem nie. Petronel Malan, die internasionale bekroonde Suid-Afrikaanse pianis het maar twee uitvoerings gegee in 'n saal waar dit so warm was dat haar vingers van die klawerbord gegly het. Dit was voorwaar 'n voorreg om hierdie kunstenaar in lewende lywe te sien.

Die enigste klage wat ek het, is die gebrek aan jazz op die fees. 'n Nuwe restaurant/lokaal het egter vanjaar effens daarvoor vergoed deur 'n bymekaarkomplek te bied waar elke aand jazz gespeel is so van half tien die aand tot die vroeë môre-ure. Die ou Kliphuis het die plek geword vir al die celebs om uit te hang. Met goeie musiek deur

plaaslike Kaapse kunstenaars en goeie kos teen redelike pryse hoop ek van harte hulle is volgende jaar ook daar. Dit is die plek waar ek Soli Philander omhels en geluk gewens het met sy eenmansvertoning, **Hotnotsgot**, een van die opvoerings wat mens laat lag en huil en hy het so mooi gesmille!

Sien julle volgende jaar daar - en dit is nie net vir Afrikaners nie. Mike van Graan se **Some mothers' sons** het vanjaar weer groot aftrek gekry en het pas 'n seisoen in die Baxter voltooi voor hul oorsese toer.

Ek is seker die ABSA-KKNK is hier om te bly en kan vorentoe net groei en verbeter.